# LANDBOU BEWAREAS

Landbou bewareas kan in enige veldtipe of habitat gestig word, in intensiewe saaigebiede of intensiewe veeboerdery areas, in bergagtige gedeeltes of selfs langs kusgebiede. Daar bestaan ook ‘n stigma dat daar nie bewareas in die droëer gedeeltes van die RSA nodig is nie, wat totaal onwaar is en die rede daarvoor is onkunde.

## HOE WORD ‘N BEWAREA GESTIG?

Die heel belangrikste vir die  voorligter is om te glo in die bewarea konsep.  Die persoon moet ‘n oortuigings vermoë he en geloofwaardig wees en bereid wees om na ure te werk.
Wanneer ‘n gemeenskap belangstel in so ‘n projek en die assosiassie genader word om meer inhigting oor die bewarea konsep te verskaf, moet die volgende stappe geneem word.

1. Kry die konták persoon se telefoon nommer en reel dat al die betrokkenes ‘n vergadering hou waar  die inligting oordra sal vord ( Hierdie vergaderings is gewoonhik na ure)

2. Die persoon moet sorg dat hy ten minste en kwartuur voor die aanvang van die vergadering by die lokaal is sodat hy sy projektors in orde kan kry. Moet  nie probeer praat sonder enige hulpmiddels nie

## DIE INLIGTINGS LESING;

1. Begin die lesing met agtergrond oor die bewarea konsep, waar het die konsep sy ontstaan gehad, watter tipes bewareas is daar vandag, mm of meer hoeveel daar is, en in watter areas.

2. Wys deur middel van ‘n skyfie of ‘n transparant hoe die nasionale bewarea embleem lyk.

3. Wys kleur skyfies of verduidelik verskillende veltipes en boerderybedrywighede om die gehoor te laat verstaan dat bewareas in enige gebied tot stand gebring kan word. Daar hoef nie soseer wild voor te kom nie en die gebied hoef glad nie omhein te wees nie.

Die voordele van ‘n bewarea vir die gemeenskap is as volg;

- Sekeruteit vir almal.
- Wild en veediefstal verminder geweldig.

- Oeste word beskerm.
- Inheemse plante en diere word beskerm.
- Omheinings word gereeld gepatrolleer.
- Eiendom word effektief gepatrolleer.
- Ongewensde persone word gerapporteer.
- Pompe en krippe word gereeld nagegaan.

## Die nadele van ‘n bewarea?

- Swak bestuur.

## Hoe raak en bewarea onbetrokke?

- Wanneer daar persoonlike verskille in die bewarea is. Politieke verskille.
- Maatskaplike verskille
- Droogtes en ander natuurrampe
- Onbetrokkenheid.
- Swak Kommunikasie.
- Samewerking.
- Owerheidsbetrokkenheid.
- Finansies.

Al bogenoemde negatiewe dinge is totaal onnodig en moet nie die werking van die bewarea beinvloed nie,
Vra nou of die vergadering dink dat hierdie projek lewensvatbaar is, hoekom daar dan soveel bewareas landwyd is? Kwazulu Nata beskik oor 200+ bewareas,

**Indien die betrokkenes belang stel, kan ‘n loodskomitee gekies word wat bestaan uit ‘n:**
a. Ko—ördeneerder
b. Addisionele lede.
Hulle pligte gaan wees;
om te kyk of die projek lewensvatbaar gaan wees aldan nie
(dit kan onder die aandag van die gehoor gebring word dat hierdie tipe projek oral lewensvatbaar is).
• bepaal die grense van die bewarea.
• belé ‘n stigtings vergadering.
laat weet ander belanghebbendes wat nie op die vorige byeenkoms was nie asook al die ander leede van die vergadering. stel voorligtings persoon in kennis van die vergadering.

## DIE STIGTINGS VERGADERING

Berei dieselfde lesing voor soos bo, sodat diegene wat nie by die vorige vergadering teenwoordig was nie ook ingelig kan word.
Op hierdie vergadering sal die bewarea dan geregistreer word en die bewarea komitee sal verkies word. Hierdie komitee kan bestaan uit
1. Voorsitter
2. Sekretaris.
3. Addisionele lede.

Hierdie komitee sal dan ‘n konstitusie opstel en op ‘n algemene vergadering aan die ander lede voorlê vir goedkeuring.

**Indien die bewarea fondse wil genereer kan die volgende aanbeveel word.**

- Probeer borge te kry, groot firmas dink deesdae almal “groen”
- Ledegelde
- Donasies
- Eko—toerisme

**Daar is ‘n groot aantal eko—toerisme akiwiteite wat in bewareas aangepak kan word soos;**

- Plaasvakansies
- Wandelpaaie
- Bergfietsroetes
- Opblaasboot roetes op riviere
- Wildjag
- Jag van probleem diere teen vergoeding
- Skilderagtige roetes
- Voëlkyk
- Ontspanning
- Hengel
- Kultuur—historiese besienswaardighede.

Met al hierdie tipe aktiwiteite wat aangebied kan word kan die agtergeblewe gemeenskappe van die omgewing ook baie baat deur dienste te lewer.

## VRAE WAT GEVRA WORD TYDENS DIE VERGADERINGS.

1. Vraag. Wat kos dit om ‘n bewarea tot stand te bring?
   Antwoord. Dit kos niks,
2. Yraag Hoe gaan die stigting van die bewarea my boerdery aktiwiteite beInvloed?
   Antwoord. Dit gaan geen invloed daarop he nie, gaan aan soos altyd. As daar ‘n. omgewings krisis ontstaan, dan kan daar dalk saarn met die ander lede besluit word om moontlik ander metodes toe te pas
3. Yraag. Gaan die dept. Landbou en Omgewingsake voorskriftelik teenoor die bewarea optree?
   Antwoord. Geensins, anders veloor ons mos die hele bewarea konsep. Die Dept. is slegs raadgewend.
4. Vraag. Wat moet die ledegelde wees?
   Antwoord. Die ledegelde moet deur die bewarea self vasgestel word. Sommige bewareas vra ledegelde per plaas, ander weer per hektaar en ander weer stel ‘n intreebedrag voor, maar voordat hierop besluit word moet die bewarea eers ‘n begroting opstel om vas te stel waarvoor die gelde benodig gaan word en hoeveel.
5. Vraag Wat van as ‘n boer in die middel van die gebied nie wil deelneem aan die projek nie?
   Antwoord Los die persoon as hy dan nie wil deelneem nie, hy sal wel later vra om deel van die bewarea te wees.